# Complex + A&E

Reg. Nr. G4119 Wet 36/1947
NS0 V17/19.2/1388 Wet 13/2003

## VIR SKAPE EN BOKKE

**SLEGS VIR DIEREGEBRUIK**

**AANDUIDINGS:**
Mineraal en vitamien kompleks vir die behandeling en voorkoming van vitamien A, vitamien E, sink, mangaan en selenium tekorte in skape en bokke.

**BERGINGSAANWYSINGS:**
Bewaar in 'n koel, donker plek onder 25 °C weg van direkte sonlig.

**SAMESTELLING per mℓ:**

| | |
|---|---|
| Vitamien A | 7500 IE |
| Vitamien E | 25 IE |
| Sink (Zn) | 11 mg |
| Selenium (Se) | 0,8 mg |
| Mangaan (Mn) | 2,7 mg |

**WAARSKUWINGS:**
- Indien die minerale status van die kudde onbekend is, verkry professionele advies van 'n veearts of voedingkundige voor gebruik van die produk.
- Mikro element tekorte moet slegs deur professionele persone gediagnoseer word.
- Moet nie in enige ander spesie dier gebruik nie.
- Selenium vergiftiging kan voorkom wanneer 'n inspuitbare middel gebruik word indien die selenium vlakke onbekend is in die dier voor behandeling.
- Moet nie aan diere toedien wat in 'n baie swak kondisie is nie.
- 'n Verbygaande swelling mag waargeneem word by die inspuitplek vir 'n paar dae na behandeling.
- Skape en bokke moet teen klostridiale siektes en Miltsiekte geënt word ten minste 3 weke voor behandeling.
- Omrede bokke sensitief is vir onderhuidse inspuitings. Vertraagde hipersensitiwitiets-reaksies of sekondêre Klostridiale infeksies mag voorkom. Daarom word aanbeveel dat sommige van die diere (10 - 15 in getal) behandel en waargeneem word vir ten minste 48 uur. Indien geen negatiewe reaksies gedurende hierdie tydperk waargeneem word nie, kan die res van die groep diere behandel word.
- Hou buite bereik van kinders, diere en oningeligte persone.
- Alhoewel hierdie middel breedvoerig onder 'n wye verskeidenheid van toestande getoets is, mag dit faal as gevolg van verskeie redes. Indien dit vermoed word, raadpleeg 'n veearts en verwittig die registrasiehouer.

**GEBRUIKSAANWYSINGS:** GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI
- Spuit bokke en skape onderhuids in die area agter die skouer. Skape en bokke moet **NIE** in die nek area gespuit word nie.
- SKUD GOED VOOR GEBRUIK.
- **METODE VAN TOEDIENING:**
  **ONDERHUIDSE INSPUITING ALLEENLIK.**
  **Lammers:** 1 tot 2 mℓ vir `n 25 kg lam.
  **Volwasse diere:** 2 tot 4 mℓ.

**Behandel soos volg:**
- **Ramme:** 2 tot 4 mℓ per 50 kg liggaamsmassa (afhangend van die omvang van die tekort) 3 maande voor teling.
- **Ooie:** 2 tot 4 mℓ per 50 kg liggaamsmassa (afhangend van die omvang van die tekort) 4 weke voor teling en 4 weke voor lamseisoen.
- **Lammers:** 1 to 2 mℓ (afhangend van die omvang van die tekort) met speen en dan 1 tot 2 mℓ elke 3 maande daarna (Minimum 25 kg lewende massa).

**L.W.** Alvorens van aanbevole dosisse afgewyk word, moet 'n voedingkundige of veearts eers geraadpleeg word. In areas waar die grond / plant inhoud van selenium nie bekend is nie moet die laer dosis vir lammers en volwasse diere gevolg word.

KYRON

*Registrasiehouer: Kyron Animal Health (Edms) Bpk., Reg. Nr. 2004/021847/07, Eenheid 45C, 45 Parkview Straat, Highway Business Park, Rooihuiskraal Uitbr. 31, Centurion, 0157, Suid Afrika. Tel: 0861 247 463.*

Botswana Listing No.: BV2100107/A
Category of Distribution: POM